PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.

8 Augustus 2021

Vanoggend se erediens

Tema: Die duiwel is listig, maar jy kan hom wen

Skriflesing: Daniël 1

Dikwels kom die duiwel op só 'n manier na ons toe aan dat ons nie die versoekings as versoekings herken nie.

Só glo ons

Heidelbergse Kategismus

Ek glo ...

Vraag 35: Wat beteken: "ontvang van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria"?

Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is en bly, die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het. So is Hy tegelyk die ware nakomeling van Dawid, in alles aan sy broers gelyk, behalwe die sonde.

Ons Program

Vandag

- ✎ **Informele diens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom.
- ✎ **Geen Sondagskool** (langnaweek)
- ✎ **Deuroffer**: Middestad- en Arbeidsbediening

Maandag

- ✎ **Nasionale Vrouedag**

Dinsdag

- ✎ **Kerkraadsvergadering** om 18:00 in die konsistorie

Sondag 15 Augustus

- ✎ **Erediens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom
- ✎ **Sondagskool**
- ✎ **Deuroffer:** Vennootskappe Reformed Church in Zambia

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê**.** Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Augustus

8 Ilde Hugo
9 Jaco van Straten
10 Frans van der Westhuizen
12 **Hannes Hartmann (92j)**; Elbé Bouwer; Phillip van Vuuren
13 Annie Small; Lucia Wessels
14 **Rina Pieterse (86j)**

Huweliksherdenking

13 Basie & Roleen Kotzee (38j)

Nuwe lidmaat!

Baie geluk aan Jean en Ancois Sheppard met die geboorte van hulle dogtertjie Carmi. Ons is saam met julle dankbaar en bid julle die Here se seën toe.

Voorbidding

Ons vra julle voorbidding van **Jan van Loggerenberg** (aneurisme aan sy aorta).

Bid ook vir **Sakkie Hartzer**. Sy suster is vandeesweek oorlede.

Dink ook aan **André en Lulu Hugo**, wie se seun Covid-19 het, asook **Hansie en Annatjie Coetzee**, wie se seun ook Covid-19 het.

Gebedsoproep

Die kerkklok lui elke Woensdag 12:00. Ons sal die wyke elke keer inlig waarvoor ons bid daardie dag.

Ander

Vakature by Ons Woning

Ons Woning het tans 'n vakature vir 'n geregistreerde verpleegkundige. Die aansoeke sluit op 20 Augustus. Kontak asb die hoof, mev Elmarie van der Spuy, by 053 5740 222.